Date : April, 29 , 2010 Publication : Beeld Page Number : 9

'n Maand ná beloftes kry wittes nog g'n hulp

Alet Rademeyer

'n Maand nadat pres. Jacob Zuma en verskeie ministers die informele nedersetting Bethlehem in die weste van Pretoria besoek en beloftes aan arm wittes gemaak het, is daar nog steeds geen hulp vir hulle nie.

Dr. Danie Langner, uitvoerende direkteur van Solidariteit Helpende Hand, het gesê die organisasie het inligting gekry oor verskeie gevalle waar arm wit inwoners van dié nedersetting toegang tot die beloofde staatshulp geweier is.

Hy het gesê tydens 'n onlangse besoek aan die kantore van die Suid-Afrikaanse Welsynsagentskap (Sassa) is Helpende Hand ingelig dat die aansoeke vir vanjaar se voedselkoepons ter waarde van R1 080 reeds einde Maart gesluit het.

Me. Beverly Maunatlala, 'n inspekteur by Sassa, het glo oor Zuma se beloftes dat arm wittes om die koepons kan aansoek doen, gesê die president weet nie wat in hul begrotings aangaan nie.

Volgens Langner is hulle ook meegedeel dat die koepons net in Maart uitgedeel is.

Intussen het meer as 70 ma's wat op 30 Maart om die koepons aansoek gedoen het, geen terugvoering gekry nie.

Talle van die aansoekers het sedert 2008 al drie keer vergeefs aansoek om die koepons gedoen.

Me. Irene Erasmus, 'n gemeenskapsleier in Elandspoort, Pretoria, het gesê sy wag al twee jaar op die beloofde koepons.

"Ek was al hoeveel kere by die kantore en elke keer is daar 'n ander verskoning."

Langner het gesê hy is baie bekommerd oor die duidelike oningeligtheid van inspekteurs by Sassa oor die kwessie van wit armoede.

Hy het ook verwys na voorvalle verlede maand waar amptenare van die departement van maatskaplike ontwikkeling glo vir rassiste uitgekryt is toe hulle voedselkoepons aan arm wittes wou uitdeel.

Langner het gesê terwyl Helpende Hand daagliks oorval word deur klagtes van siekes, gestremdes en bejaardes oor die land heen wie se aansoeke om ongeskiktheidstoelaes keer op keer afgekeur word, wil dit voorkom asof daar geen uitkoms vir hulle is nie.